


# WANNEER DIE GEES REGEER: LEWE, VREDE… EN DIE KRUIS

📖 *"Want wat die vlees bedink, is die dood, maar wat die Gees bedink, is lewe en vrede." Romeine 8:6*

Daar is 'n vyand wat nie altyd opsigtelik is of openlik rebelleer nie. Hy kom dikwels stil, selfs beleefd en baie kere geklee in godsdiens. Die natuurlike denke kan oor God praat, Skrif aanhaal, en tog in die geheim Sy heerskappy weerstaan. Dit is juis wat dit so gevaarlik maak: dit lyk reg, maar dit lei nie na ware lewe nie.

So kan opregte Christene hulself besig hou met geestelike aktiwiteite en tog die dieper werk van God mis. Ons kan leer, praat en selfs bedien en tog nie werklik **verander** nie. Want daar is 'n groot verskil tussen **leerstellings en transformasie,** tussen besig wees met die dinge van God en om oorgelaat te word aan God om jou **siel te herstel.**

Diegene wie werklik begin om Gees kapasiteit te ontwikkel ontdek baie gou 'n eenvoudige maar diep waarheid: Ons is nie die skat nie; **ONS DRA DIE SKAT!** *"…ons het hierdie skat in erdekruike…"* (2 Kor. 4:7). Die lewe van Christus is binne-in ons geplaas, nie om versier te word deur ons eie pogings nie, maar om deur ons te leef. Daarom bid die oorgegewe hart nie vir meer selfverbetering nie, maar fluister: *"Here, neem my… vorm my… totdat U alleen oorbly."*

Dit is nie oordrewe geestelike taal nie, maar 'n noodsaaklikheid in elke weergebore kind van God se lewe. Moses het dit verstaan. Hy het die Egiptiese paleis verlaat om homself te vereenselwig met 'n lydende volk, want hy het iets gesien wat groter was as gemak (Heb. 11:24-26). Paulus het dit ook verstaan. Ten spyte van gevare en lyding kon hy sê: *"… en ek ag ook my lewe vir myself nie dierbaar nie…"* (Hand. 20:24).

Om aan die self te sterf, is nie 'n teorie nie. Dit word ontdek in die **klein oomblikke** van die lewe: Wanneer 'n woord wat jou sou seermaak, jou nie meer beheer nie. Wanneer verwerping jou nie meer definieer nie. Wanneer jy begin bly wees dat jy saam met Christus mag ly. *"Ons moet deur baie verdrukkinge in die koninkryk van God ingaan*" (Hand. 14:22)

Liewe Vriende, die **Kruis is nie 'n maklike pad nie.** Dit was nie vir Jesus nie en so ook nie vir ons wie dit ernstig met Christus Jesus bedoel nie. Dit sny deur die self, breek die illusie van beheer, en bring die siel onder die heerskappy van God se Gees. Ons leef in 'n tyd waar baie die **heerlikheid van Christus begeer,** maar **sonder die oorgawe van die Kruis.** Ons verlang na lewe… sonder om te sterf aan onsself.

Kom ons kyk weer na God se werk in die weergeborene:

… **Regverdigmaking** herstel ons **gees.** Ons word **EEN GEES** met Hom (1 Kor. 6:17).

… **Heiligmaking** herstel ons **siel.** Hy is die **Hersteller** van ons siele (Psalm 23:3).
… **Verheeriking** sal eendag ons **liggaam herstel.** Dit sal plaasvind met die verskyning van Christus in ons (1 Thes. 5:23).

Maar vir nou? Nou werk die Kruis in ons siel. Hierdie werk gebeur deur ons daaglikse **gehoorsaamheid aan God se Woord.** Om **NEE** te sê vir die **vlees** en **JA** te sê vir **God se wil** in jou lewe. Sal jy kies om Hom te vertrou vandag, selfs wanneer dit jou iets kos? Maar, Vriende let op hierdie belangrike waarheid: Om jouself te verloën is nie selfhaat nie. Dit is genade wat werk, genade wat die vals self wegneem, sodat die ware Lewe kan verskyn. Ja… en dit is ware genade.

💭 **Nadenke:** Waar in my lewe het my natuurlike denke homself as geestelik voorgedoen, maar eintlik God se werk weerstaan? Is ek besig met geestelike aktiwiteit… of word ek werklik deur Christus verander?